

## Nuusbrief van die Peter Henrich Henning Familielond

Wingerd 205  
Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
Villiersdorp  
6848

Tel: 028 840 0113      [www.henning.org](http://www.henning.org)      E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)  
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

## Philip Presteer Pragtig



Philip Henning (17) van Grey Kollege, Bloemfontein wat as 'n junior tennisspeler internasionaal begin naam maak en selfs deur die Internasionale Tennisfederasie bygestaan word

Die vorige Nuusbrief (nr 133) het uitgekom dieselfde tyd toe b7.c7.d10.e3.f1.g2.h1. Philip Henning (17) 'n skolier van Grey Kollege, Bloemfontein met sy deelname in die Australiese Junior Ope Tennis Toernooi begin het. Ons het in daardie nuusbrief net twee reëltjies oorgehad waarin ons oor Philip se prestasie kon berig. Ons het dus besluit om sy deelname oor te hou tot hierdie nuusbrief.

Dit is met trots dat ons nou kan berig dat Philip eers in die derde ronde van die seuns Onder-18 kampioenskappe uitgeskakel is. In die seuns Onder-18 dubbelspel het hy en sy spanmaat, Andrew Paulson van die Tjeggiese Republiek deurgebring na die kwarteindronde.

Die Australiese Tenniskampioenskappe is een van die groot "Grandslam" toernooie in die wêreld en net die heel beste tennisspelers in die wêreld word uitgenooi om daaraan deel te neem. Philip het wel verlede jaar – 2017 – as 'n sestienjarige die Suid-Afrikaanse onder-18 kampioen geword, maar hy moes eers kwalifiseer om tot die 2018 Australiese Junior kampioenskappe toegelaat te word. Hy moes deelneem aan een van die opwarmingstoernooie vir die Australiese Junior Ope waar hy kon kwalifiseer vir die hooftoernooi. Hy het dus aan die Traralgon Junior toernooi deelgeneem, waar hy Nicolas Mejia van Colombia, wat negende in die wêreld gekeur

is met 6-0 en 6-2 geklop het. Hy was een van slegs agt spelers wat daarna regstreeks vir die Australiese toernooi gekwalifiseer het.

In die Australiese Kampionskappe het hy George Loffhagen van Brittanje (24ste op die wêreldranglys) in die eerste rondte met 7-6 en 7-5 geklop; daarna speel hy klaar met Thiago Seyboth Wild van Brazilië (nr 8 in die wêreld) 6-4 en 6-4 in die tweede rondte en dring deur tot die derde rondte, waar hy ongelukkig teen Sebastian Korda van die VSA met 4-6, 6-1 en 6-4 verloor. Philip het die eerste stel gewen, maar daarna het Korda die tweede en derde stelle gewen. Korda is die seun van die 1998 Australiese Ope Kampioen, Petr Korda.

In die seuns onder-18 dubbelspel het Philip en sy spanmaat, Andrew Paulson van die Tjeggiese Republiek in die kwarteindronde vasgeval teen die Duitse paar Rudolf Molleker en Henri Squire. Die telling 6-7, 7-5 en 10-8 in die Duitsers se guns. Allan Karam, Tennis Suid-Afrika se hoof van afrigting, wat saam met Philip gereis het, sê dat hy baie trots is hoe Philip homself gehandhaaf het. "Hy het baie goeie tennis in Australië gespeel en drie van die beste vyf-en-twintig spelers in die wêreld geklop en deurgedring tot die Junior Australiese Ope Toernooi. Sy sterk gees, dissipline en vermoëns op die baan was indrukwekkend. Die wyse waarop hy elke wedstryd benader en gespeel het, het getoon dat hy 'n groot toekoms as tennisspeler voor hom het."

Twee van die heel beste tennisspelers wat Suid-Afrika ooit opgelewer het, Wayne Ferreira en Jeff Coetzee wat Philip se wedstryde eerstehands dopgehou het, was ook baie beindruck.

Coetzee wat onlangs aangewys is as een van Tennis Suid-Afrika se hoëverrigtingafrigters sê dat Philip beslis een van die mees belowende junior spelers is wat Suid-Afrika in 'n baie lang ruk opgelewer het. Hy het nie net junior tennis in Suid-Afrika begin domineer nie, maar ook goed begin doen internasionaal, waar hy nou reeds die nr's 8, 9 en 24 gekeurde spelers geklop het. Die opwinding hiervan is dat daar nog soveel dinge in sy spel is waarop Philip kan verbeter. Hy kan nog meer aggresief wees op die kort bal en sy netspel en beweging kan verbeter. Dit sal hom later as 'n senior in staat stel om met die heel bestes in die wêreld mee te ding.

Dit het ook aan die lig gekom dat die Internasionale Tennisfederasie (ITF) 15 belowende junior tennisspelers van 13 lande gaan bystaan om aan die ander drie Grand Slam Toernooie – die Franse Ope, Wimbledon en die Amerikaanse Ope – deel te neem. Philip Henning is een van hierdie 15 spelers wat 'n toelaag sal ontvang ter delging van reis- en toernooikostes. Dit moet hulle help om die oorgang van junior - na senior tennis te vergemaklik.

Philip het reeds verskeie aanbiedings van Amerikaanse universiteite ontvang om na matriek daar te gaan studeer. Dit sal hom in staat stel om meer gereeld teen sterker opponente te speel.

Hy het aangedui dat hy vir geen geld ter wêreld sy matriekafskeid by Grey Kollege, Bloemfontein aan die einde van die jaar gaan mis nie. Soos hy sê: "Ek mis so baie dinge by die skool dat ek al gewoond is daaraan, maar my matriekafskeid kom net een keer. Ek sal vies wees as ek dit moet mis".

Intussen het Philip op 24 Maart 2018 die Seuns onder-18 titel by die Afrika Tenniskampioenskappe te Marrakesj, Marokko verower toe hy Yassir Kilani van Marokko in die eindwedstryd maklik met 6-1 en 6-1 verslaan het.

## Nico Henning toer in Argentinië

b6.c1.d3.e5.f1.g1.h2.i2. Nicolaas (of Nico) Henning van Grahamstad het vroeër hierdie jaar deur Argentinië getoer. Hy het probeer om in die voetspore van die Hennings te gaan stap wat kort na die Anglo-Boereoorlog na Argentinië emigreer het. Nico het vir ons van sy wedervaringe vertel.

“Ek is pas terug van my Argentinië toer, en is nog besig om weer my voete te vind terug op kantoor. Dit was ‘n interessante ervaring, en ek het nuwe waardering vir die waagmoed van die Afrikaners wat soontoe is in 1905 – dit moes vir hulle ‘n geweldige kultuur-skok gewees het om te moet aanpas in ‘n land met so ‘n totaal vreemde kultuur, taal, godsdiens ens. (Dalk ook ‘n aanduiding van hoe diep hulle afkeer was aan die vooruitsig om in ‘n Britse kolonie te moet leef!)”

My poging om by Lita Henning uit te kom, was toe nie suksesvol nie. Ek was oor nuwejaarsnaweek in Cordoba, en toe ek haar per teksboodskap kontak om te ontmoet, laat weet sy dat sy van voor Kersfees af uitsteding is. So mis ons mekaar toe.

Ek het my toer begin in Comodoro Rivadavia, waar die Afrikaners aan wal gegaan het oppad na hulle toegekende plase. Ek was ongelukkig nie instaat om die presiese ligging van enige Henning-plase op te spoor nie, asook enige Henning grafte nie.

Ek het die munisipale begraafplaas van Comodoro Rivadavia besoek, maar die oudste grafte wat ek daar kon sien wat nog ‘n leesbare grafsteen had, was uit die vroeë 1960’s. Volgens hulle Admin-kantoor by die begraafplaas, het hulle nie rekords van grafte uit 1926 (die sterfdatum van Josef Jooste Henning) nie.

Ek het ook Sarmiento (ongeveer 150 km wes van Comodoro Rivadavia) besoek. Die dorp is die naaste ander dorp aan die area waar die Henning plase was. Daar het ek ook die begraafplaas besoek, maar kon ook nie enige Henning grafte vind nie. Wat wel interessant was, is dat die munisipale kantoor my ‘n plan gewys het van die begraafplaas, waarop hulle alle grafte aangedui en genommer het, en waarop hulle alle grafte waarvan daar nog leesbare inligting van die grafstene herwin kon word, aangedui het. Daar het ek wel op ‘n kol ‘n hele paar Afrikaner-grafte gesien (Visser, Viviers, Tjaart Nicolaas van der Walt o. a.), wat daarop gedui het dat die Hennings waarskynlik ook eerder daar in Sarmiento begrawe sou gewees het as in Comodoro Rivadavia. (Dit is nou op die veronderstelling dat van hulle nie op die plase begrawe was nie, soos wat mos maar soms die gebruik was).

Oppad terug vanaf Sarmiento na Comodoro het ek beplan om af te draai met ‘n grondpad tot by die loop van die Rio Chico (“Klein Rivier”) waar, volgens die boek “‘n Boer in Argentinië”, Josef Jooste se plaas aan die oewer geleë was, om ten minste in die algemene omgewing van die Henning plase te kom. Die rivier (tans ‘n droë loop volgens Google Earth) is sowat 40 – 50 km vanaf die teerpad geleë. Ongelukkig binne omtrent 5 km na ek van die teerpad afgedraai het, het die grondpad (eerder ‘n klip-pad) so sleg geword dat ek bevrees was my gehuurde Opel Corsa motortjie dit nie verder sal kan hanteer nie. Ek wou nie skade of pap wiele in die grammadoellas van Pategonië opdoen nie en dalk daar gestrand wees in die skroeiende somerson sonder selfoon ontvangs nie, en het toe maar handdoek ingegooi (tot my groot teleurstelling natuurlik). Ek het so ‘n foto of 2 geneem van die landskap daarrond, en ek moet sê, dit lyk maar baie na ons Karoo – die ou Boere sou nie heeltemaal ontuis gevlo het bloot


op grond van die voorkoms van die landskap nie! Ek het wel in Comodoro Rivadavia op 'n monumentjie afgekom wat in 2002 gebou is ter herdenking van die 100 jarige viering van die aankoms van die Afrikaners in Argentinië. Hulle het ook 'n straat daarna vernoem. Jy sal opmerk aan die spelling van die vanne soos op die naamplaat van die monument, dat daar in 2002 alreeds 'n mate van verlies van Afrikaans was by wie ook al die inligting verskaf het of geverifiéer het.



# Duitse Henning egpaar kuier weer in Suid-Afrika



Ons nuttig middagete by die Kelkiewyn restaurant, Villiersdorp. V.l.n.r Herbert – en Margita Henning van München, Duitsland, Leonie Steyn (gebore Henning) en Charlotte – en Olivier Henning van Villiersdorp



Die kasteel waarin die Hennings van Karnin vir meer as 100 jaar lank gewoon het

kasteel was na die oorlog vir baie jare ‘n Oos-Duitse streekskantoor. Ongelukkig het die nasate van hierdie familie nooit hulle plaas teruggekry of enige kompensasie ontvang nie. ‘n Paar jaar gelede was die kasteel, wat baie vevalle geraak het, in die mark. Die koper is tans besig om dit op te knap en in ‘n hotel te omskep.

Herbert en Margita kom vir etlike jare lank elke jaar vir ongeveer twee maande in die Wes-Kaap vakansie hou, wanneer dit so baie koud in Europa is. Hulle kom gewoonlik vanaf middel Januarie tot middel Maart en gaan huis in Somerset-Wes. Ten spyte van hul ouderdom probeer hulle so veel as moontlik gholf speel – baie keer in temperature van veel meer as 30°C.

Elke jaar maak hulle gereeld kontak met Bondsekretaris, Olivier Henning en sy vrou Charlotte en kuier saam. Een van hulle kuiertjies het hierdie jaar by die pragtige en knus restaurant, Kelkiewyn in Villiersdorp plaasgevind, waar hulle middagete genuttig het.

Herbert (85) en Margita (80) Henning van München, Duitsland is groot vriende van die Henning Familiebond van Suid-Afrika. Herbert se voorsate het vir honderde jare lank gewoon in die dorp Demmin, naby Greifswaldt en later op die plaas Karnin, naby Stralsund in die noord-Ooste van Duitsland naby die Baltiese see.

Karnin was sy oupa se plaas en hy het ‘n welvarend boer geword deur sy produkte na Rusland uit te voer. Hy het baie werknemers gehad, wat almal op die plaas gewoon het in huise

wat Herbert se oupa voorsien het. Gedurende die middel van die negentiende eeu het sy oupa ‘n groot en pragtige kasteel op die plaas gebou waar die Henning gesin gewoon het. Herbert is die laaste van agt kinders wat op die plaas Karnin gebore is, wat nog leef.

In 1942, gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die Russiese magte wat Duitsland ingeval het, hierdie plaas afgeneem en hulle streekshoofdkwartier in die kasteel gevestig. Die arbeiderhuise het later die dorp Karnin geword en die

# Dominee Kosie Henning



Ds Kosie Henning en sy vroutie, Carlizé is beide groot natuurliefhebbers

Ons het in die vorige nuusbrief berig oor b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3.i3. Jacobus Adriaan Gerhardus (Kosie) Henning wat sy teologiese studies aan die PUK Kampus van die NWU voltooi het en beroepbaar is as predikant in die Gereformeerde Kerke. Ons het nou verneem dat Kosie dadelik 'n beroep gekry en aanvaar het na die Gereformeerde Kerk Harrismith in die Vrystaat. Die gemeente sluit in Drakensville, Jagersrus, Kestell, Verkykerskop en Warden. Hy en sy vroutie, Carlizé het reeds op 18 Maart 2018 by hul eerste gemeente ingeval.

## Stellenbosch Woordfees



Olivier Henning beman die Henning stalletjie by die Genealogie-uitstalling tydens die Woordfees in Stellenbosch

Die Stellenbosch Woordfees is een van die mees populêre kultuurfeeste wat in Suid-Afrika gehou word. Hierdie jaar het dit plaasgevind vanaf 2 Maart 2018 tot 11 Maart 2018 en duisende mense het op al die opvoerings en stalletjies toegesak en hulself terdeë geniet. 'n Feestelike atmosfeer het oor die hele Stellenbosch geheers.

Vier organisasies – die NG Kerkargief, die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika, Genealogiese Instituut van Suid-Afrika en Isabel Groesbeek Genealogiese Dienste het saamgewerk om 'n Genealogie

Opdag op Saterdag 10 Maart 2018, as deel van die Woordfees by die Teologiese Skool van die NG Kerk aan te bied. Die Henning Familiebond is ook genooi om 'n uitstalling voor te berei.

Hoewel ons al gewoond geraak het dat die Hennings wat in die Kaap woon nie maklik funksies van hierdie aard bywoon nie, het ons tog besluit om weereens 'n uitstalling voor te berei – hoofsaaklik omdat dit die familiebond in die kollig plaas en ander mense kan sien wat die familiebond alles vir die Hennings bied. Ons kon dus lekker spog met ons aktiewe familiebond.

Ongelukkig het daar weer slegs een egaar, Aubrey en Wienna Wilkinson (gebore Henning) van Paarl opgedaag om ons te ondersteun, maar daar was soveel



Al die uitstallers by die Genealogie uitstalling tydens die Woordfees, Stellenbosch op 10 Maart 2018. Olivier Henning staan tussen al die mooi dames in die voorste ry. Die meerderheid uitstallers was van genealogiese organisasies of individue wat hulle publikasies wou bekendstel. Uiteindelik was daar slegs drie familiebonde wat uitgestal het



Riekert –en Elriëtte Henning van Bloemfontein en hul twee kinders: Lizeri \*14-10-2014 en die pasgebore Morné

belangstelling van ander mense dat ons selfs twee van die Henning Familiekronieke op laserskyf verkoop het.

Tydens die uitstalling het ons tot die besef gekom dat as ons in die toekoms weer aan sulke feeste sou wil deelneem, dit raadsaam sal wees om netjiese, professionele opvoubare uitstalborde en – staanders te laat vervaardig, wat mens sommer maklik in ‘n kar se kattebak kan pak. Ongelukkig is hierdie tipe uitstalborde baie duur. As ons finansies dit sou toelaat, sal dit raadsaam wees om twee volledige stelle te laat vervaardig – een stel wat in Pretoria gehou sal word, vir feeste in die omgewing van Pretoria/Johannesburg en een stel vir feeste wat in die Kaap gehou sou word. Hierdie uitstalborde kan dan ook maklik tydens Henning feeste gebruik word.

## Babas

b6.c1.d3.e5.f11.g5.h5. Riekert Henning en sy vroutie Elizabeth (noemnaam Elriëtte) se tweede kleinding, Morné is op 30 Januarie 2018 te Bloemfontein gebore. Oupa Jan Johannes Petrus Henning en ouma Caroline Magdalene (gebore Bastone) is baie trots op hierdie klein mannetjie. Hy is hul tiende kleinkind; die derde seuntjie, maar die eerste seuntjie met die van Henning.

Riekert is ‘n Grondslag Statistiese Programmeerder en Elriëtte ‘n Kliniese Data Analis in Bloemfontein.

## Sterftees

Dit is met leedwese wat ons van die afsterwe van die volgende twee lede van die familiebond verneem het:

### b1.c3.d7.e9.f6.g2. Helena Margaretha Wessels (gebore Henning) \*15-1-

**1956** sterf op 24 Februarie 2018 by hulle huis te Henningstraat in die Strand<sup>1</sup>. Helena was 'n dogter van wyle Nicolaas (Klasie) Henning (b1.c3.d7.e9.f6.) en sy vrou Idelette (gebore Pansegrouw)



Dr Helena Wessels (gebore Henning) en haar man Prof. Dirk Wessels van Stellenbosch. Helena sterf op 24 Februarie in 'n brand by hulle huis

Huldeblyke het ingestroom nadat 'n bekende dosent van die Universiteit Stellenbosch in 'n brand by haar huis in die Strand dood is. Dr. Helena Wessels (62), senior dosent in wiskundeonderwys vir die grondslagfase in die B.Ed-program, is dood in die brand wat glo deur 'n gasbottel veroorsaak is.

Haar man, prof. Dirk Wessels (71), het die brand oorleef, maar het kort daarna 'n hartaanval gehad. Hy is in 'n plaaslike hospitaal behandel. Hul seun, ook Dirk, het gevra dat mense vir sy pa bid en nie oor die oorsaak van die brand moet bespiegel nie.

Theo Layne, hoof van die Kaapstadse brandweerdiens, het gesê die brandweer is kort ná 19:28 uur op Saterdag 24 Februarie na 'n huis in Henningstraat<sup>1</sup>, Strand, ontbied. Altesame 14 brandweerbeamtes het meer as 'n uur lank probeer om die brand te blus.

Die Association for Mathematics Education of South Africa (Amesa) beskryf Helena in 'n huldeblyk as 'n gewaardeerde, beminde en toegegewyde vriendin en kollega. Prof. Michael le Cordeur, voorsitter van die departement kurrikulumstudie aan die US, sê in sy

huldeblyk haar dood word betreur. Le Cordeur sê die departement kurrikulumstudie en die fakulteit opvoedkunde eer haar as 'n besonderse mens en haar dood is 'n groot verlies vir die departement en die universiteit. "Prof. Dirk Wessels, haar eggenoot, is ook 'n buitengewone professor in wiskunde in dieselfde departement."

Sers. Noloyiso Rwexana, polisiewoordvoerder, het aangedui dat 'n geregtelike ondersoek gedoen sou word.

<sup>1</sup> Henningstraat in Strand is vernoem na Gideon Henning (b7.c8.d8.e1.f5) voorsitter van die Henning Familiebond. As Argitektenaar was hy verantwoordelik vir so baie bouplanne in Strand dat die munisipaliteit besluit het om 'n straat na hom te vernoem.

**Frik (Frederick Willem Coenraad) Venter gebore 31 Maart 1940,** eggenoot van b6.c4.d1.e5.f4.g7.h4. Rina (Cornelia Catharina Jacoba) Henning is op 26 Februarie 2018 te Ermelo oorlede. Hy sterf as gevolg van Limfklier kanker, na 'n siekbed van ses maande.



**Frik Venter \*31-3-1940 eggenoot van  
b6.c4.d1.e5.f4.g7.h4. Rina Venter  
(gebore Henning) wat op 26 Februarie  
2018 gesterf het**

Frik begin sy skoolloopbaan in 1946 aan die laerskool Florida en voltooi sy skoolloopbaan in 1957 aan hoëskool Forida. Nadat hy skool verlaat het, sluit hy aan by die Suid Afrikaanse Lugmag. In 1972 verskuif hy na Atlas Vliegtuig Korporasie wat later Krygkor geword het en daarna Denel. Hy bly in hul diens tot en met sy afrede in 2000.

Frik en Rina het een seun, Jan Hendrik De Wet Venter wat getroud is met Elma. Hulle het weer twee seuns De Wet en Riaan.

Na sy aftrede het Frik en Rina begin familienavorsing doen. Frik spesialiseer in die Postma familie van Suid Afrika en die Vrystaatse Venters. Rina vors haar tak van die nasate van Willem Frederik Henning (b6.c4.d1.e5.f4. en sy seun g7. — die Kosterfontein Hennings) na, asook die Kosterfontein Van der Walts, Groblers, Oppermans en Venters.

Frik het 'n gawe gehad om forensiese navorsing te doen en het probeer om meer as net na die naam van 'n persoon te kyk. Sy groot liefde was die Postma Familie. Hy was dan ook die persoon wat die graffie van die seuntjie

van Ds. Dirk Postma, stigter van die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika opgespoor het — hierdie graffie was vir meer as 100 jaar verlore.

Hy skryf 'n artikel "HELENIUS" wat in die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika (GGSA) se joernaal FAMILIA nr 4/2007 verskyn het. 'n Aanhaling uit hierdie Familia lui as volg:

*"Op 'n sonnige oggend in die Noordoos-Kaap, op die plaas Silvermeer, by 'n klein begraafplaas, lank vergete tussen die takke van 'n koeniebos ontdek ons die woord "Postma" op 'n grafkopstuk, half begrawe en gebreek. Dit is nie van belang wat die plaas se naam vandag is nie, hierdie is Balkfontein waar twee vaders meer as 140 jaar gelede van hul seun op hierdie aarde afskeid geneem het. Dit is Helenius Postma (1), gebore 23 September 1869, oorlede 20 November 1870. Ds. Postma het hom na die dood van sy eggenote Susanna Lasya Kruger, moeder van Helenius, laat aanneem deur sy vriend en die se eggenote van wie 'n kind kort tevore oorlede is".*

Letterlik 'n geval van 'n egpaar sonder 'n kind aan die een kant en 'n kind sonder moeder aan die ander kant – 'n kind vir wie die vader nie kon sorg nie en wat hy aan die sorg van sy vriende toevertrou het.

Frik ontvang ook 'n prys van die GGSA vir "DIE BESTE ARTIKEL VIR 2008". Die artikel met titel " 'n Fotoverhaal" verskyn in 'n FAMILIA van 2008. Hy vind 'n ou foto wat geneem is net na die Anglo-Boereoorlog, van 'n gesin wat hul gestorwe vader in die boereoorlog verloor het. Die gesin het die graf besoek en daar by die graf neem hulle 'n foto. Met vernuigende speurwerk het Frik die name, datums en die plaasnaam gaan opspoor in die konsentrasiekamprekords. Sodoende kon hy almal op die foto identifiseer. Die navorsing het veroorsaak dat 'n foto wat niksseggend was betekenis gekry het.

## Ou Foto vir ons Versameling



Ons het onlangs hierdie foto van b7.c5.d1.e4. Willem Lodewicus Jansen Henning, gebore 24 Desember 1884 bekom. Hy is gebore op die plaas Ezelshoek, distrik Middelburg, Kaap as die seun van Gert Frans Johannes Henning \*16-4-1855 en sy vrou Magdalena Zacharijda Jansen van Rensburg \* Aug 1857.

Willem is in Middelburg getroud met Anna Meyers, dogter van Charles Meyers en sy vrou Christina Jacoba.

Hulle het vyf kinders gehad. Ongelukkig beskik ons oor geen besonderhede van sy eie geskiedenis nie. Enige hulp in hierdie verband sal waardeer word.

## Finansies

Omdat die Familiebond nie belastingpligtig is nie, strek ons finansiële jaar van Januarie tot Desember elke jaar. Met die afsluiting en oudit van ons boeke vir die jaar 2017 het die volgende na vore gekom:

1. Ons totale inkomste vir die jaar was R20 828.00 wat bestaan het uit R14 386.00 donasies, R942.00 verkope van CD's en aandenkings en R5 500.00 rente op ons spaarrekening;
2. Ons totale uitgawes vir die jaar was R20 551.00 wat opgemaak is uit Internet kostes – R5 489.00; Bankkoste – R1 224.00; Lidmaatskap van organisasies – R684.00; Posgeld en skryfbehoeftes – R2 233.00; Geskenke – R345.00; Rekenaarkostes – R8 040.00 en Waardevermindering – R2 536.00

3. Ons inkomste was dus slegs R277.00 meer as ons uitgawes.



word opreg waardeer en sal in belang van die Henning familie (en in besonder die Henning Familiebond) aangewend word.

Ons vermeld graag die name van diegene wat oor die afgelope drie maande vir ons 'n donasie gestuur het:

**Maandeliks per Debietorder.** Die volgende lede wat pligsgetrou elke maand met 'n debietorder bydra is: Jan Andries Henning en sy vrou Cornelia van Montanapark, Pretoria; Jan Hendrik Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia, Pretoria; Past Antonie Henning en sy vrou Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria; Pieter Hendrik Henning en sy vrou Anna van Durbanville; Runa en Sauer van Straaten van Doringkloof, Centurion; Gesina en Mathys Spangenberg van Swakopmund, Namibië en Pieter Jacobus Stephanus Henning van Ramsgate.

#### **Jaarliks**

- Ockert en Roline Henning van Durbanville R500.00
- Werner Pieter Henning van Cresta, Johannesburg – R500.00
- Stanley – en Mary-Ann Henning van Dowerglen, Edenvale - R500.00
- Stanley en Mary-Ann Henning van Wierdapark, Centurion en hul twee volwasse kinders, Heinrich en Anél – R900.00
- Marlene en Gerald Page van Pietersburg/Polokwane – R300.00
- Gesina en Mathys Spangenberg van Swakopmund, Namibië – R300.00
- Gerhard en Deirdré Henning van Royldene, Kimberley – R 300.00

Dit was gevolglik een van slegs 'n paar jare in die 34-jarige bestaan van die Familiebond waar ons nie fondse na ons spaarrekening kon skuif, om vir onvoorsienede uitgawes voorsiening te maak nie. 'n Groter wordende getal lede dra nie meer by nie. Ons is dankbaar vir daardie lede wat pligsgetrou vir ons bydraes stuur – sommige maandeliks; ander eenmalig jaarliks. Ons laat dit oor aan goedgesinde lede om self te besluit hoeveel en wanneer hulle wil bydra. Alle bydraes – hoe klein ookal –

# Henning Aandenkings



Ons het steeds die volgende Henning aandenkings beskikbaar. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos ([olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond.** Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing

1. Henning CD — R125.00 elk plus R10.00 posgeld. **Onthou!** Ons ontvang gereeld nuwe gegewens vir die Familiekroniek. As u CD meer as 'n jaar oud is, is hy reeds verouderd en kan u hom gerus met 'n nuwe een vervang. So help u ook die

familiebond

2. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
3. Suikerlepels (goud geplatteer) — R54.00 elk
4. Lapelwapens — R30.00 elk
5. Teelepel — R50.00 elk (goud geplatteer) **Pragtig as 'n stel van ses of meer, saam met 'n suikerlepel,** of individueel in 'n teelepel versameling
6. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in 'n vertoonkas vertoon word. Sal ook 'n mooi erfstuk word.**

Doen eers navraag wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal. Onthou dat as u

wil hê dat ons die pakkie met geregistreerde pos stuur, dit 'n ekstra R30.00 sal kos. Aflewering d.m.v Postnet kos R99.00 vir 'n pakkie van 1 Kg.

Tensy u 'n groot bestelling van verskeie items plaas, behoort posgeld nie meer as R20.00 te wees nie.

Ondersteun asseblief die familiebond.



- |                         |                               |                          |
|-------------------------|-------------------------------|--------------------------|
| 1.Henning CD — R125.00; | 2.Skryfblok (50 bl) — R30.00; | 3.Suikerlepel —R54.00;   |
| 4.Lapelwappen — R30.00; | 5.Teelepel — R50.00;          | 6.Mansjetknope — R100.00 |